

# ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

## DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN

---

#### DIE ADMINISTRASIE VAN 'N TRUST

Die administrasie van 'n trust wentel hoofsaaklik rondom die verhouding tussen die trusteees en die begunstigdes. Die trusteees ontvang sekere opdragte in die trustakte wat hulle tot voordeel van die begunstigdes moet uitvoer. Die opdrag aan die trusteees is om:

- Die trustakte binne wetlike voorskrifte uit te voer;
- Om die take met die nodige sorg, ywer en behendigheid uit te voer;
- Om buiten wetlike voorskrifte, hulle take met onafhanklike diskresie uit te voer.

#### PLIGTE VAN TRUSTEES

Die trusteees se take word eerstens deur die gemenerereg vasgestel. Tweedens is daar ook take wat deur middel van wetgewing bepaal word. Die take wat deur die gemenerereg vasgestel word is die volgende:

- Die trusteees moet altyd in goeie trou optree en ook gesamentlik optree. Dit mag soms nodig wees dat 'n meerderheidstem die finale beslissing sal wees.
- Die trusteees moet sekuriteit aan die Meester van die Hoogeregshof verskaf maar dit kan deur 'n bepaling in die trustakte uitgesluit word.
- Die trustakte is die grondwet van 'n trust. 'n Belangrike taak van die trusteee sal dus wees om die trustakte te bestudeer en op hoogte met die inhoud te wees.
- Die trusteees moet die bates wat deur die oprigter aan die trust geskenk word, in ontvangs neem.
- Die trusteees moet altyd onpartydig wees en 'n situasie vermy waar sy persoonlike belange met die van die trust bots.
- Van die trusteees word verwag om die fondse van die trust te bestuur en die opbrengs daarvan aan die begunstigdes te besorg.
- Die trusteees is in die algemeen onder 'n verpligting om die eiendom van die trust in stand te hou.
- Die trusteees moet rekenskap oor die trust se sake aan die begunstigdes gee.

Take wat deur die wette, vernaamlik die Beheer oor Trusteieendomwet (57 van 1988) aan die trusteees opgedra word is die volgende:

- Die trust moet by die Meester van die Hoogeregshof geregistreer word.
- Die adresse van die trusteees moet aan die Meester besorg word.
- Sekuriteit, indien dit vereis word, moet aan die Meester verskaf word.
- Hoewel reeds deur die gemenerereg van hom verwag word, moet die trusteees volgens wet ook in goeie trou optree.
- Die trusteees moet 'n bankrekening vir die trust open.

- Die eiendom van die trust moet in die trust se naam geregsitreeer word.
- Die trusteees moet, indien so versoek word, rekenskap aan die Meester gee oor die administrasie van die trust.
- Die dokumentasie van die trust moet deur die trusteees in veilige bewaring gehou word.

## **MAGTE VAN DIE TRUSTEES**

Die magte van die trusteees word uit die trustakte afgelei. Die trustakte spel gewoonlik die magte van die trusteees uit en hulle moet daarvolgens optree in belang van die trust. In die reël word daar soveel as moontlik magte aan die trusteees gegee en is daar nie beperkings op hulle optrede nie. Die rede hiervoor is dat daar van die trusteees verwag word om te alle tye die belange van die begunstigdes te bevorder en sekere beperkings kan hulle in die uitvoering hiervan belemmer.

Die verhouding tussen die trusteees en die begunstigdes sal gewoonlik die mate van diskresie ten opsigte van trusteees se magte bepaal. 'n Trustee wat op grond van sekere unieke eienskappe vir 'n spesifieke doel as trustee aangewys is, mag nie hierdie magte van hom aan 'n ander persoon delegeer nie. In die meeste ander gevalle het trusteees wel die bevoegheid om hulle magte aan 'n derde persoon te delegeer. Die trustee delegeer net sy magte en oorhandig dit nie aan 'n derde persoon nie. Gevolglik kan hy enige tyd sy delegasie herroep.

'n Trustee is geregtig op vergoeding vir die uitvoer van se take. Hierdie vergoeding word gewoonlik in die trustakte uitgespel. Die Meester sal uitsluitel gee in geval van 'n dispuut oor die vergoeding.

## **WETLIKE AKSIES**

As die wet regspersoonlikheid aan 'n trust toeken, is die trust geregtig om dagvaardigings uit te reik en ook te ontvang. Die regspersoonlikheid word gewoonlik nie in die trustakte beskryf nie en daarom is die trusteees, in hierdie hoedanigheid, gewoonlik verantwoordelik vir enige geregtelike stappe.

## **SLOTSOM**

Die trustakte is die grondwet van 'n trust. Die manier waarvolgens die trust geadministreer moet word, word deur die trustakte bepaal, hoewel daar tog 'n aantal gemeenregtelike sake is waarvolgens 'n trust geadministreer moet word. Hiervolgens het die trusteees sekere take wat hulle moet uitvoer. Die trusteees se magte word ook in die trustakte uitgespel. Die trusteees se magte is gewoonlik onbeperk maar hulle moet ten alle tye hulle diskresie in die beste belang van die begunstigdes aanwend.

### **Volgende keer: Die beëindiging van 'n trust.**

*Die gedeelte oor trusts is gebaseer op inligting uit "Wills and Trust" deur RP Pace en WM van der Westhuizen.*

---

**BETHLEHEM**  
**November 2003**